SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

# Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (SURF): Gids vir die onttrekkingsproses

(in gevalle *buiten* aftrede)

**Die kern van hierdie gids**

Om lede van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (SURF) by te staan met die proses om aan die Fonds te onttrek (d.w.s. om ander redes as aftrede).

## 1. Inleiding

Wanneer werknemers die Universiteit Stellenbosch se diens vóór aftrede verlaat, kom hulle dikwels te staan voor besluite wat hulle finansiële sekuriteit op lang termyn kan beïnvloed. Dit kan aanloklik lyk om jou onttrekkingsvoordeel aan ’n nuwe voertuig of ’n vakansie te bestee. Nietemin raai SURF lede aan om hulle onttrekkingsvoordeel te bewaar sodat dit hulle by aftrede van beter finansiële uitkomste kan voorsien.

Hierdie gids bied leiding aan lede van SURF (‘die Fonds’) wat die Universiteit se diens vóór aftrede verlaat. Boonop word werknemers aangemoedig om, benewens hierdie gids, ook “SURF: Gids vir die aftreeproses” te lees én dit te oorweeg om ’n finansiële raadgewer om professionele advies te nader.

## 2. Agtergrond: Hoe werk die Fonds?



Die Fonds is ’n omskrewebydraefonds. Dít beteken dat bydraes as ’n vaste persentasie van ’n lid se pensioengewende salaris bereken en maandeliks in die Fonds inbetaal word. Hierdie bydraes word dan belê om ’n beleggingsopbrengs te verdien. Alle beleggingsopbrengste, wat rente én kapitaalgroei insluit, word daagliks as beleggingsinkomste toegeken. Die Fonds se bates word in gebalanseerde beleggingsportefeuljes belê wat uit beleggings in verskeie bateklasse, naamlik aandele, obligasies en eiendom, bestaan. Die markwaarde van hierdie bates kan wisselvallig wees, so die groei op die beleggings verander voortdurend en kan selfs van tyd tot tyd negatief wees.

Boonop betaal die US as deel van werknemers se koste van indiensname maandelikse bydraes (versekeringspremies) vir sterfte- en ongeskiktheidsdekking. Die Fonds se administrasiekoste word ook uit hierdie bydraes betaal. ’n SURF-lid se opgelope bydraes, tesame met die groei op die belegging, maak die persoon se fondskrediet uit.

## 3. Voordeel betaalbaar indien jou diens vóór aftreeouderdom beëindig word



Die belangrikste besluit wat lede moet neem wanneer hulle die US se diens verlaat, is of hulle die onttrekkingsvoordeel as ’n eenmalige kontantbedrag wil neem of dit vir hulle aftrede wil bewaar, hetsy deur die geld in die Fonds te hou of na ’n ander fonds oor te plaas.

Onttrekkingsvoordele wat in kontant geneem word, is belasbaar volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se onttrekkingsbelastingtabel. As jy egter kies om die voordeel in die Fonds te bewaar of na ’n ander goedgekeurde fonds – hetsy ’n ander bewaringsfonds of ’n uittreeannuïteitsfonds – oor te plaas, betaal jy geen belasting wanneer jy die US verlaat nie.

## 4. Die beskikbare opsies

### 4.1 Bewaar die voordeel binne die Fonds

Lede kan kies om hulle voordeel in die Fonds te hou en ’n opbetaalde lid te word wanneer hulle die Universiteit se diens verlaat. Sodra jy ’n opbetaalde lid is, sal jy in enige stadium die volle bedrag as ’n enkelbedrag kontant kan neem of die geld na ’n ander goedgekeurde fonds kan oorplaas, óf kan besluit om die geld tot en met aftreeouderdom in die Fonds te los.

As ’n opbetaalde lid, is die volgende van toepassing:



- Jou fondskrediet bly belê in die portefeulje waarin dit was toe jy die Universiteit se diens verlaat het, en sal voortgaan om daar opbrengste te verdien. Jy sal ook vanaf 53-jarige ouderdom na die ander beskikbare portefeuljes kan oorskuif.
- Hoewel jy nie meer tot die Fonds sal kan bydra nie, sal jy steeds administrasiekoste moet betaal.
- Jy sal nie meer vir enige risikovoordele in aanmerking kom nie.
- By jou afsterwe sal jou fondskrediet ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse uitbetaal word.
- Jy sal ’n jaarlikse voordelestaat ontvang.

Dit is belangrik om daarop te let dat jy outomaties ’n opbetaalde lid sal word indien die Fonds nie jou spesifieke instruksie ontvang oor wat jy met jou fondskrediet wil doen nie.

### 4.2 Bewaar die voordeel buite die Fonds



Lede kan vra dat hulle onttrekkingsvoordeel vir hulle uiteindelike aftrede bewaar word, maar buite die Fonds. In so ’n geval moet die voordeel na ’n ander goedgekeurde fonds oorgeplaas word. Die nuwe fonds moet ontvangs bevestig van die oorgeplaaste waarde deur ’n ontvangserkenningsvorm te onderteken. By ontvangs van hierdie vorm moet die Fonds by die SAID aansoek doen om ’n nulbelastingdirektief, wat beteken dat die oorplasing belastingvry is.

Die fonds waarheen lede hulle voordeel laat oorplaas, moet ’n nuwe werkgewer se fonds, ’n uittreeannuïteitsfonds of ’n bewaringsfonds wees. ’n Kort verduideliking van elk volg hier onder:

### Nuwe werkgewer se fonds:

Werknemers wat die US verlaat vir ’n ander werkgewer wat óók sy personeel ’n aftreevoordeel bied, kan hulle onttrekkingsvoordeel van SURF na sodanige nuwe werkgewer se fonds oorplaas indien die nuwe fonds se reëls dit toelaat. Die voordele wat lede ingevolge die nuwe werkgewer se fonds sal ontvang, en die opsies tot hulle beskikking, hang uiteindelik van daardie fonds se reëls en voordelestruktuur af.

**LW:** Lede kan hulle voordeel sonder enige belastingimplikasies van ’n voorsorgfonds (soos SURF) na ’n pensioenfonds oorplaas. Ingevolge die belastinghervormings wat op 1 Maart 2021 in werking getree het, sal die lid by aftrede die opgelope voordeel in ’n voorsorgfonds soos op 28 Februarie 2021 of enige toekomstige beleggingsopbrengs daarop in kontant kan onttrek. Van die gedeelte van die voordeel wat ná 1 Maart 2021 opgeloop het, mag lede egter slegs tot en met ’n derde in kontant neem en moet hulle die res gebruik om ’n pensioen te koop.

### Uittreeannuïteitsfonds:

’n Uittreeannuïteitsfonds is ’n individuele polis wat ’n versekeringsmaatskappy voorsien waarin die polishouer tot en met aftrede geld belê. Tot en met ’n derde van die poliswaarde kan by aftrede in kontant uitbetaal word. Die polishouer moet die res gebruik om ’n pensioenproduk te koop, gewoonlik by ’n versekeringsmaatskappy of annuïteitsverskaffer. Polishouers kan eers vanaf 55-jarige ouderdom geld onttrek.

US-werknemers wat reeds oor ’n uittreeannuïteitspolis beskik, kan vra dat hulle Fondsvoordeel na hulle bestaande polis oorgeplaas word. In so ’n geval, moet die naam van die uittreeannuïteitspolis en die polisnommer duidelik op die onttrekkingsvorm aangedui word.

### Bewaringsfonds:

Bewaringsfondse word spesiaal geskep om onttrekkingsvoordele te ontvang. Voordele wat na bewaringsfondse oorgeplaas word, word belê totdat die werknemer besluit om af te tree. ’n Bewaringsfonds kan hetsy ’n bewarings*pensioen*fonds of ’n bewarings*voorsorg*fonds wees. Aangesien die Fonds ’n voorsorgfonds is, kan US-werknemers slegs ander bewarings*voorsorg*fondse kies om hulle voordeel in te bewaar. Oorplasings kan na slegs een so ’n fonds gedoen word.

Fondslede wat by aftrede in ’n bewaringsvoorsorgfonds belê is, kan kies om hetsy hulle volle aftreevoordeel in kontant (as ’n enkelbedrag) te ontvang of ’n gedeelte van hulle voordeel te gebruik om ’n eksterne pensioen te koop.

’n Unieke kenmerk van bewaringsfondse is dat lede een onttrekking voor hulle werklike aftreedatum mag maak, hoewel sulke onttrekkings belasbaar is.

## 5. Kontantvoordeel

Lede wat besluit om hulle volle onttrekkingsvoordeel as ’n eenmalige kontantuitbetaling te ontvang, sal ooreenkomstig die SAID se onttrekkingsbelastingtabel belas word. Die SAID bepaal die belastingbedrag wat gehef moet word. Sodra die administrateurs van die Fonds die voordeel bereken het, moet hulle by die SAID om ’n belastingdirektief aansoek doen. Die Fondsadministrateurs is verplig om die belasting van lede se voordele af te trek en aan die SAID oor te betaal. Dít beteken ook dat lede wie se belastingsake nie in orde is nie vertragings in die uitbetaling van hulle Fondsvoordeel sal ondervind. Die lid sal ’n belastingsertifikaat ontvang as bewys dat die belasting inderdaad betaal is.



Die res van die voordeel (d.w.s. die bedrag ná belasting ingevolge die direktief) word aan die lid oorbetaal, in die rekening wat op die onttrekkingseisvorm aangedui word.

## 6. Voorligting oor aftreefondsvoordele

Indien jy die Universiteit se diens vóór aftrede verlaat, sal die Fonds se voorligter oor aftreevoordele jou kontak om 'n persoonlike ontmoeting te reël. Gedurende dié sessie sal die voorligter die opsies tot jou beskikking en die risiko's, koste en heffings verbonde aan elk op 'n duidelike en eenvoudige manier aan jou verduidelik. Jy sal in besonder leiding ontvang ten opsigte van:

- die beskikbare beleggingsportefeuljes;
- die beskikbare bewaringsopsies in die Fonds;
- die Fonds se annuïteit- (pensioen-)strategie; en
- enige ander beskikbare moontlikhede.

Let egter daarop dat voorligting oor aftreevoordele nie advies insluit nie, nie eens oor belastingsake nie. Vir professionele advies kan lede 'n afspraak met 'n finansiële raadgewer van een van die Fonds se vyf voorkeuradviesfirmas maak (sien afdeling 6 hier onder).

## 7. Finansiële advies

Jy word aangeraai om 'n finansiële raadgewer te nader voordat jy besluit in watter fonds en in watter vorm jy jou onttrekkingsvoordeel wil ontvang. Om jou hiermee by te staan, kan jy 'n raadgewer van een van die Fonds se vyf voorkeuradviesfirmas raadpleeg. Die Fonds betaal die koste van hierdie diens vir lede van 53 jaar en ouer. Lede onder 53 wat van die diens gebruik maak, betaal self die koste.

## 8. Vrae en antwoorde

### 8.1 Hoe moet ek die Fondsadministrateurs van my voornemende onttrekking in kennis stel?

Indien jy die Universiteit se diens om ander redes as aftrede verlaat, moet jy die US se voorgeskrewe bedankingsvorm invul en dit via jou lynbestuurder by Menslike Hulpbronne indien. Die voorligter oor aftreevoordele sal jou dan kontak vir 'n afspraak om die opsies tot jou beskikking te bespreek.

### 8.2 Wat sal gebeur nadat ek die SURF-eisvorm wat ek van die voorligter ontvang het, ingevul en ingedien het?

Indien jy kies om jou voordeel binne die Fonds te bewaar, word jy 'n opbetaalde lid en sal die administrateurs jou van 'n opbetaalde sertifikaat voorsien.

Indien jy kies om jou voordeel na 'n ander fonds oor te plaas of dit – hetsy ten volle of gedeeltelik – in kontant te neem, sal die Fondsadministrateurs jou instruksie so doeltreffend moontlik verwerk, maar eers nadat:

- jy jou bedankingsvorm ingevul het;
- jy aangedui het na watter fonds die onttrekkingsvoordeel oorgeplaas moet word (indien dít is wat jy gekies het); en

- die administrateurs die voordeel bereken het, onder andere deur jou beleggingsinkomste op te tel en die belasting volgens die SAID se direktief af te trek.

### 8.3 Wanneer kan ek my onttrekkingsvoordeel verwag?

Die administrateurs doen hulle bes om onttrekkingsvoordele uit te betaal binne vier tot ses weke na ontvangs van ál die nodige inligting, waaronder die belastingdirektief van die SAID.

### 8.4 Kan ek ’n gedeelte van die onttrekkingsvoordeel as ’n eenmalige kontantbedrag ontvang en die res na ’n bewaringsfonds laat oorplaas?

Ja, dit is toelaatbaar.

### 8.5 Kan ek ’n gedeelte van die onttrekkingsvoordeel as ’n eenmalige kontantbedrag ontvang en die res in die Fonds bewaar?

Nee, die Wet op Inkomstebelasting maak nie tans daarvoor voorsiening nie.

### 8.6 Kan ek ’n gedeelte van die onttrekkingsvoordeel aan ’n derde party oordra?

Nee, die Wet op Pensioenfondse verbied die oordrag van enige gedeelte van onttrekkingsvoordele aan derde partye.

### 8.7 Indien die onttrekkingsvoordeel laat uitbetaal word, sal dit darem nog rente verdien?

Ja, beleggingsinkomste/-opbrengste word tot en met die onttrekkingsdatum toegeken.

## *LET WEL*

Hierdie gids handel oor slegs ’n paar belangrike aspekte van diensbeëindiging by die US om ander redes as aftrede, en is nie veronderstel om ’n volledige, omvattende dokument te wees nie.

Hoewel die inhoud van die gids van tyd tot tyd bygewerk word, kan veranderinge in wetgewing of Universiteitsbeleid sekere teenstrydighede veroorsaak. ’n Finansiële raadgewer sal beskikbaar wees om personeel van enige onlangse wetswysigings in kennis te stel.

Die gids beskryf verskillende voordele wat die Fonds bied. Die voordele word in die geregistreerde Fondsreëls uiteengesit. Hoewel die gids sorgvuldig opgestel is om akkuraatheid te verseker, geld die Fondsreëls in geval van enige teenstrydighede.